

**Donderdag 5 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 1:34-38**

**Fokusgedeelte: Lukas 1:37**

### **Onvoorwaardelik diensbaar**

**G**abriël se verskyning en woorde aan Maria gryp 'n mens aan die hart. Maria word deur God gekies en geroep om geboorte te skenk aan sy eniggebore Seun. Haar Kind sal vir ewig Koning wees op die troon van Dawid.

Maria is oorweldig. Sy hoor en sy glo. Tog staan sy voor 'n groot raaisel. Hoe sal sy 'n seuntjie kry? Sy is wel verloof, maar nie getroud nie. Maria bly nie stil oor hierdie uiters praktiese en relevante vraag nie. In geloofsvrmoedigheid vra sy: "Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie"?

As ons so gelowig, afhanklik ons vrae aan die Here stel, kom daar antwoord. Nie "hoekom" nie, maar "hoe"? Die raaisel word vir Maria opgelos. "Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word." Die seun wat gebore word, sal geheel en al die werk van die Here alleen wees. Geen man sal 'n aandeel hierin hê nie. Niemand sal die eer vir die verlossing van die wêreld hê as net God alleen nie.

Maria mag boonop 'n teken saam met die woord van die engel ontvang. Om te bevestig dat dit alles so sal wees soos wat Gabriël sê, kan Maria maar na haar tante, Elisabet, toe gaan. In haar hoë ouderdom het sy ook 'n kosbare geskenk van God ontvang: sy is ook swanger.

Maria het gelowig gevra vir die ontknoping van die raaisel. Sy het die antwoord gelowig verstaan. Geen ding sal by God onmoontlik wees nie. Toe buig sy voor die almagtige God en verklaar: "Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord." Sonder om verdere vrae te vra, sonder om alles presies te verstaan en deurgrond, bely sy: geen ding is vir God onmoontlik nie; hier is ek, gebruik my soos U wil.

Dit is hoe onvoorwaardelike diensbaarheid aan God lyk. Menslike besware word agtertoe geskuif. Geen ge-ja-maar nie. Geen verskonings van "geen tyd, geen lus, geen geld, geen gawes" nie. Net dit: "Laat dit met my gaan volgens u woord." Dit verg selfopoffering wat alleen uit die krag van die Gees kan plaasvind. Bid vurig dat jy onvoorwaardelik diensbaar mag wees. En dien dan uit die krag van jou gebed.

*Sing: Psalm 116-1:9*

*Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)*